



KONSEP KINDERSORG- EN BESKERMINGSWET – SAKE VIR OPENBARE BESPREKING

# NASIONALE KINDER- BESKERMINGSREGISTER

**D**ie Konsep Kindersorg- en Beskermingswet stel 'n Nasionale Kinderbeskermingsregister voor. Hierdie register moet almal skuldig aan kindermishandeling lys. Die doel van die register moet wees om te verseker dat oortreders nie in die toekoms met kinders werk nie. Die register moet deur die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn onderhou word en dit moet soortegelyk aan die register vir seksuele oortreders wat in sommige lande gebruik word.

'n Persoon wie se naam op die lys verskyn moet verbied word om by 'n instansie te werk wat welsynsdienste aan kinders voorsien. Om in hierdie instansie te werk in enige kapasiteit, moet verbied word, ongeag of die persoon direk of indirek met kinders in kontak kom. Instansies is verplig om die register te raadpleeg voordat hulle personeel of vrywilliges aanstel. 'n Persoon wat in die register gelys is sal ook verbied word om 'n pleegouer, aanneem-ouer of "familie versorger" te word.

Geeneen sal toegelaat word om die name of enige inligting wat in die register is, bekend te maak, behalwe as dit deel van 'n ampelike wettelijke plig is (soos om te bevestig dat die voornemende personeelid nie in die register is nie).

Die register sal die volgende inligting bevat:

## NASIONALE KINDERBESKERMINGSREGISTER

- Ⓢ Volle name, laaste fisiese woonadres en identiteitsnommer
- Ⓢ Vingerafdrukke
- Ⓢ 'n Foto van die persoon
- Ⓢ Opsomming van die redes hoekom die persoon onbevoeg bevind is om met kinders te werk
- Ⓢ As die persoon skuldig bevind is aan 'n kriminele oortreding teenoor 'n kind, sal die volgende besonderhede op skrif gestel word:
  - a) die besonderhede van die oortreding
  - b) die datum van skuldigbevinding
  - c) die tipe straf
  - d) saaknommer
- Ⓢ Enige ander relevante inligting

## Om 'n persoon onbevoeg te bevind om met kinders te werk

'n Persoon mag onbevoeg bevind word om met kinders te werk deur enige hof of forum wat 'n dissiplinêre verhoor aanhoor (soos 'n werknemer of 'n opvoedkundige instansie). Dit is nie nodig vir 'n persoon om skuldig bevind te word vir 'n oortreding, voordat die plasing op die lys geskied nie. Hoe dit ookal sy, enige een wat skuldig bevind is aan sekere oortredings teen 'n kind sal outomaties op die lys geplaas word: moord/poging tot moord, verkragting, seksuele mishandeling of aanranding met die bedoeling om fisiese skade aan te rig. 'n Persoon wat onbevoeg bevind is om met kinders te werk sal die reg hê om in die hof te appelleer teen die bevinding.

## Verwydering van naam van die register

'n Persoon wie se naam in die register was, se naam word slegs na ten minste vyf jaar wat volg vanaf die datum wat die naam in die register geplaas is verwyder en as die persoon gerehabiliteer het. 'n Persoon se naam kan nie verwyder word nie as die persoon vir meer as een kriminele oortreding teen 'n kind skuldig bevind is.

## Wat doen ander lande?

In Sierra Leone, vereis die Kinderwet van 2007 van die polisie om 'n register te hou van alle kindermishandelaars en om spesiale maatreëls te neem om kinders teen sulke persone te beskerm. Die Suid Afrikaanse regering hou twee verskillende kinderbeskermingsregisters: a) 'n rekord van die mishandelde of verwaarloosde kinders wat dan gebruik word om die spesifieke kinders wat blootgestel is aan verdere gevaar te monitor en om 'n algemene beeld van kindermishandeling in Suid Afrika te kry wat kan lei tot toekomstige ingrypings; en b) 'n register van persone wat onbevoeg is om met kinders te werk, soortgelyk aan die voorgestelde een vir Namibië. Hong Kong gebruik 'n soortgelyke eenvoudige sisteem sonder 'n spesiale rekord van oortreders, maar waar mense wat wens om met kinders te werk 'n polisie-klaringsertifikaat moet voorsien.

## Die debat

Daar is intense debat oor die waarde wat die beskermingsregisters op die oortreders fokus. Hier is sommige van die sleutelpunte van die debat:

- ⑨ Om hierdie registers te ontwerp en te onderhou kan baie duur te staan kom. Sommige mense sê dat die geld beter spandeer kan word om dienste aan kinders wat in gevaar is te voorsien. Aan die ander kant, mag die kostes van 'n Kinderbeskermingsregister oorweeg word deur die voordele wat dit inhou as dit effektief is in die voorkoming van verdere kindermishandeling.
- ⑨ Registers plaas die fokus op 'n klein aantal gekende oortreders, terwyl baie ander gevalle van kindermishandelings ongerapporteerd en onopgemerk voortgaan. Kinders mag meer in gevaar wees van persone wat in dieselfde gemeenskap bly as van persone wat werk met kinders.
- ⑨ Die Kinderbeskermingsregister mag ongrondwettig gevind word as dit die reg van privaatheid of die reg om vry van diskriminasie te wees skend.
- ⑨ Sommige mense sê dat registers van oortreders minder nuttig is as registers van kinders wat besonder kwesbaar is weens mishandeling in die verlede of weens ander omstandighede; hulle sê dat sulke registers meer kan bydra tot die toekomstige beskerming van kinders.
- ⑨ Namibië is ook hoofsaaklik saamgestel uit klein gemeenskappe waar dit maklik vir die gemeenskap is om met 'n persoon se kind-ervante oortreding bekend te wees. In plaas van om 'n Kinderbeskermingsregister daar te stel, sal dit meer sin maak vir Namibië om 'n goeie gerekenariseerde sisteem in te stel van polisie- en hofrekords, en om polisieklarings sertifikate verpligtend te maak vir persone wat met kinders werk.

## SAKE VIR BESPREKING

- ⑨ Is kindermishandeling al gepleeg deur persone wat met kinders in Namibië werk?
- ⑨ Is daar ander maniere om persone te identifiseer wat nie met kinders moet werk nie, soos om hulle kriminele rekords te sien voordat hulle begin werk? Vertel ons watter metode mees effektief sal wees om die persoon se agtergrond na te vors, en waarom?
- ⑨ Is dit onredelik om 'n individu se naam op die Nasionale Kinderbeskermingsregister te plaas as die oortreding nie in die hof bewys is nie?
- ⑨ Moet kinders wat ander kinders mishandel het ook op die lys geplaas word, of moet dit slegs volwasse oortreders wees?
- ⑨ Is die inligting wat vereis word van elke persoon wat op die voorgestelde Kinderbeskermingsregister geplaas word te veel? Te min? Reg?
- ⑨ Hoe kan iemand wat sy naam van die Kinderbeskermingsregister verwyderd wil hê bewys dat hy/sy gerehabiliteer is?
- ⑨ Die wetsontwerp sê dat die oortreder se naam op die register moet bly vir ten minste vyf jaar voordat dit verwyder kan word. Is dit reg? Te lank? Te kort?

### Stuur jou kommentaar aan:

**SMS: 0814241591**  
**E-pos: CCPA@lac.org.na**  
**Faks: 088613715**  
**Posadres: Posbus 604, Windhoek**



**Vir meer inligting oor die**  
**Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak**  
**Monalisa Zatzirua (061-2833116) of Celeste Feris (061-2833179)**  
**by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn,**  
**of Rachel Coomer by die Legal Assistance Centre (061-223356).**